Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 10 OKTOBER 2012 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl C H H Hunsinger
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche (sluit later aan)
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp (sluit later aan)
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer, mnr C Gerber
Bestuurder: Voorsieningskanaalbestuur, mnr P Swart
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdl M van Zyl open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdh M S I Goliath.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU 12 SEPTEMBER 2012

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou 12 September 2012 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 3 OKTOBER 2012
[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. Oorweging van/...

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 3 OKTOBER 2012

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende wysigings –

ITEM 5.1.1: ONTWIKKELINGSDIENSTE: MAANDVERSLAG, AUGUSTUS 2012
[ter wysiging en toevoeging tot aanbeveling]

(b) Dat (op versoek van rdh T van Essen) 'n steekproef op 'n kwartaallikse basis gedoen word waar die Weskus Distriksmunisipaliteit en Swartland Munisipaliteit terselfdertyd 'n monster op 'n spesifieke punt neem, ten einde die uitslag van beide monsters te bepaal;

(c) Dat, aangesien die probleem met die rioolmonsters van Swartland Munisipaliteit herhaaldelik voorkom en die probleem ook deur ander munisipaliteite ervaar word, die aangeleentheid na die DCF-vergadering verwys word vir bespreking;

(d) Dat (op versoek van rdl C H H Hunsinger) oorweeg word om die aanvullende verslae ten opsigte die sosiale en maatskaplike aktiwiteite van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste by die maandverslag in te sluit, of andersyds dat kennis daarvan geneem word wanneer dit as deel van die afdelingshoofde se prestasiemeting met die kwartaalverslag voorgelê word.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 3 OKTOBER 2012

6.1.1 ITEM 6.3: AFWYKING VAN ERF 446, DARLING (15/4/2-3) (WYK 6)

'n Bouplanaansoek is ontvang wat die aanbring van afdakke op erf 446, geleë tussen Tulbagh- en Nemesiastraat, Darling voorstel.

Die afdakke is reeds ongemagtig opgerig en die 2m syboulyn word tot 0m oorskry. Verder moet kennis geneem word dat die bestaande buitegebou ongemagtig in addisionele wooneehede omskep is.

BESLUIT

(a) Dat die aansoek om afwyking nie in isolasie hanteer moet word nie, en dus terugverwys word, weens –

(i) die sensitiewe aard van die aansoek;

6.1.1/...

(ii) die beweerde verdere oortredings met verwysing na die onwettige aanbouings, die skep van tweede en derde woonhede, asook die implikasies op die grondgebruik;
(iii) die moontlike eise wat die bure teen die Raad kan instel;

(b) Dat die aansoeker versoek word om volledige bouplanne van al die beweerde onwettige aanbouings aan die Raad voor te lê;

(c) Dat die moontlike grondgebruikaansoek wat hieruit kan voortspruit terselfdertyd aan die Raad voorgelê moet word;

(d) Dat, indien die aansoeker nie binne 'n redelike tyd aan die versoek voldoen nie, die nodige regsoptrede ingestel sal word;

(e) Dat die beswaarmakers van die besluit in kennis gestel word.

7. NUWE SAKE

7.1 VESTIGING VAN MUNISIPALE PUBLIEKE REKENINGEKOMITEES (MPAC's) IN SWARTLAND (3/2)

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag en beklemtoon dat die vestiging van MPAC's nie 'n statutêre verpligting is nie, maar dat al hoe meer druk op munisipaliteite geplaas word om hiermee voort te gaan.

BESLUIT
[vir aanbeveling aan die Munisipale Raad op 29 November 2012]

(a) Dat daar kennis geneem word van die versoeke vanaf Nasionale en Provinsiale Regerings om MPAC's in te stel, met inbegrip daarvan dat daar erkenning is dat die riglyne nie afdwingbaar is nie;

(b) Dat, met verwysing na paragraaf (c) van die Raadsbesluit van 24 November 2011, die besluit om nie MPAC's in te stel nie, nou aldus heroorweeg word;

(c) Dat die lede van die Administrasie- en Finansieskomitee, (bestaande uit 13 lede), uitgesluit die ampsdraers (Uitvoerende Burgemeester en Onderburgemeester) en Uitvoerende-komiteelede, synde rdle M Van Zyl, W Wilskut en C H H Hunsinger (vyf lede) die MPAC rol sal vervul;

(d) Dat die MPAC verantwoordelik sal wees vir die volgende funksies:

(i) om die Jaarverslag te oorweeg en te evalueer en om aanbevelings aan die Raad te maak wanneer die Oorsigverslag op die Jaarverslag voorgelê word;
(ii) om die maandelike begrotingstate (artikel 71) en halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie (artikel 72) te evalueer;
(iii) om die finansiële state en ouditverslag te ondersoek, met die oog op die oorweging van verbeteringe op die vorige state en verslae, asook om te bepaal in watter mate die aanbevelings van die Ouditkomitee en Ouditeur-Generaal geïmplementeer is.

(e) Dat rdh N J A Rust as die Voorsitter van die komitee aangewys word;

(f) Dat daar verder kennis geneem word dat weens die samestelling van die lede van die drie Portefeuljekomitees, welke komitees elk uit 13 lede bestaan, en die begerigheid met die instel van die komitees om verteenwoordiging en deelname te optimaliseer, daar nie Raadslede is wat nie op enige van die ander Raadskomitees dien nie;

(g) Dat vir praktiese doeleindes die MPAC sal sit/vergader direk na afloop van die Administrasie- en Finansieskomitee, soos van tyd tot tyd bepaal;

7.1/...

(h) Dat die volgende staande (vaste) vergadertye van die MPAC op die jaarskedule aangetoon word:

- saam met die Maart 2013 (en jaarliks daarna) Portefeuljekomiteevergadering om die Jaarverslag en kommentaar daarop in 'n Oorsigverslag aan die Raad aan te beveel (funksie voorheen vervul deur Oorsigkomitee);

- Januarie 2013 (en jaarliks daarna) tussen die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raadsvergadering, vir die oorweging van die halfjaarlikse verslag en Aansuiweringsbegroting (funksie voorheen vervul deur Begrotingsbeheerkomitee);

- Maart en Mei 2013 (en jaarliks daarna) tussen die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raadsvergadering om die konsep Begroting te evalueer voor voorlegging aan die Raad (funksie voorheen vervul deur die Begrotingsbeheerkomitee);

(i) Dat die Minister van Plaaslike Regering (Wes-Kaap), Nasionale Tesourie, Provinsiale Tesourie en die Ouditeur-Generaal in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit op versoek 'n MPAC ingestel het om die oorsigfunksies, wat voorheen deur die Begrotingsbeheer- en Oorsigkomitee behartig is, te vervul.

7.2 AANWYS VAN SALGA VERTEENWOORDIGERS IN DIE "NCOP" (NATIONAL COUNCIL OF PROVINCES) (3/3/1)

'n Versoek is vanaf SALGA ontvang om 'n proporsionele raadslid te nomineer om op die "NCOP" te dien.

Rdl C H H Hunsinger verduidelik dat vanuit die 25 munisipaliteite in die Wes-Kaap, slegs 3 proporsionele raadslede deur SALGA benoem sal word om op die "NCOP" te dien.

BESLUIT

Dat SALGA in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit geen nominasie vanuit die geledere van die proposionele raadslede gaan maak om moontlik op die "NCOP" te dien nie.

7.3 VOORLEGGING AANGAANDE DIE VERBROEDERINGSVENNOOTSKAP TUSSEN SACHSEN ANHALT (DUITSLAND) EN SWARTLAND MUNISIPALITEIT EN DIE UITVLOEISEL DAARVAN MET DIE WESKUS KOLLEGE AS BEGUNSTIGDE (10/3/4)

[Rdl C H H Hunsinger doen na afloop van die vergadering 'n voorlegging aangaande die verbroederingsinisiatiewe tussen die Weskus Kollege en die "Magdeburg Gastronomie Fachshule" in Duitsland, as uitvloeisel van die verbroederingsvennootskap tussen Sachsen Anhalt en Swartland Munisipaliteit.]

Swartland Munisipaliteit sal behulpsaam wees in die fasilitering van die proses, en vir hierdie rede sal rdl Hunsinger die Weskus Kollege vergesel op 'n besoek aan Magdeburg, Duitsland. Die formalisering van hierdie inisiatief kan lei tot 'n PPP, wat weer met vrug gekoppel kan word aan plaaslike ekonomiese ontwikkeling (LED).

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die voorlegging deur rdl C H H Hunsinger aangaande die verbroederingsinisitief tussen die Weskus Kollege en die "Magdeburg Gastronomie Fachsule" (gasvryheidsskool) in Duitsland;

(b) Dat goedkeuring verleen word aan rdl Hunsinger om voormelde verbroederingsinisiatief te fasiliteer;

(c) Dat daar kennis geneem word dat die Weskus Kollege aangebied het om die reis- en verblyfkoste van rdl Hunsinger te betaal;

7.3/...

(d) Dat die betaling van “toevallige koste” ingevolge die Raad se Beleid – soos onlangs toegepas op mev Loock – eweneens hier van toepassing gemaak sal word, welke uitgawe teen die LED-pos verreken sal word;

(e) Dat rdle Hunsinger met sy terugkeer die formele ooreenkoms fasiliteer en dat die persverklaring, publisiteit en blootstelling in oorleg met die Direkteur: Korporatiewe Dienste gedoen sal word.

7.4 AANBIEDING EN VERBINTENIS TYDENS DIE MGRO INTERAKSIE AANGAANDE SKOON OUDITS VIR ALLE MUNISIPALITEITE (5/15/1/2)

MGRO (*Municipalities Governance Review and Outlook*) is ‘n inisiatief van die Provinsiale Tesourie en Departement van Plaaslike Regering van die Wes-Kaap om munisipaliteite in die provinsie by te staan om skoon oudits te verkry.

Spesifieke areas, soos vermeld in die verslag tot die sakelys, is geïdentifiseer waarop munisipaliteite ‘n selfondersoek moet doen as deel van die bereiking van skoon oudits.

‘n Selfevaluering met inagneming van die areas is deur Swartland Munisipaliteit gedoen, wat ‘n GAP-aksieplan (*Governance Action Plan*) insluit en waartoe Swartland Munisipaliteit homself verbind het. ‘n Voorlegging in voormelde verband is tydens ‘n werksessie op Saldanha op Dinsdag, 25 September 2012 aan die munisipaliteite van die Weskusstreek gedoen. Die GAP-aksieplan bestaan uit twee komponente, naamlik –

(1) wat munisipaliteite moet doen om ‘n skoon oudit te verkry; en
(2) wat Tesourie en Departement: Plaaslike Regering onderskeidelik kan doen om munisipaliteite hierin te ondersteun.

Die Munisipale Bestuurder is versoek om ook by die werksessies van die onderskeie streke in die Wes-Kaap die voorlegging as ‘n beste praktyk om ‘n skoon oudit te verkry, te doen.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die inhoud van die aanbieding en verbintenis wat gemaak was tydens die MGRO interaksie aangaande skoon oudits;

(b) Dat daar weereens bevestig word dat Swartland Munisipaliteit ten volle verbind is om opeenvolgende skoon oudits te verkry en dat goedkeuring aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen verleen word om hierdie verbintenis tydens die PCF van 27 November 2012 aan die Premier oor te dra.

7.5. VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGSKANAAL-BESTUURSBELEID (8/1/B/2)

Die *Supply Chain Management Regulations* vereis dat daar kwartaalliks verslag gedoen word aan die Uitvoerende Burgemeester aangaande die werksaamhede van die die Voorsieningskanaalbestuursafdeling.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die kwartaallikse verslag vir die periode 1 Julie tot 30 September 2012 van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid se implementering wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word.

7.6 NOTULES VAN TENDERTOEKENNINGSKOMITEEVERGADERING (11/1/3/1/6)

Die notules van tendertoekenningskomiteevergaderings wat onderskeidelik op 2 en 28 Augustus 2012 plaasgevind het, is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT/...

7.6/...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die inhoud van die notules van die Tendertoekenningskomitee-vergaderings wat onderskeidelik op 2 en 28 Augustus 2012 plaasgevind het.

7.7 2011/2012 KONSEP FINANSIËLE STATE (5/1/2)

Die voorsitter versoek die Bestuurder: Finansiële State en Beheer, mnr C Gerber om die verslag te behandel.

Die Munisipale Bestuurder verwys na die omsendskrywe wat apart gesikuleer is, sowel as die onlangse omsendbrief ontvang vanaf Nasionale Tesourie aangaande die voorlegging van die Jaarverslag in Augustus, en finale goedkeuring in November. Die implikasies hiervan met betrekking tot die voorlegging van die Aansuiweringsbegroting sal nog verder oorweeg moet word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die ongeouditeerde finansiële state vir die 2011/2012 finansiële jaar;

(b) Dat die bydraes vir 2011/2012 as volg goedgekeur word:

Kapitaalvervangingsfonds	:	R30 438 005
Voorsiening vir slegte skuld	:	R 1 473 331
Verlofgratifikasie	:	R 1 750 630
Voorsiening vir langdiensbonus	:	R 1 288 648
Voorsiening vir na-aftrede	:	R 4 791 073

(c) Dat die bogenoemde ongemagtigde uitgawes verwys word na die aansuiweringsbegroting van 2012/2013 vir goedkeuring ingevolge artikel 32 van die MFMA;

(d) Dat die bedrag van R12 188,00 ten opsigte van boete en rente wat deur SARS gehef is, afgeskryf word.

7.8 NIE-VOLDOENING T.O.V. LAAT INHANDIGING VAN ARTIKEL 71 VERSLAG VIR AUGUSTUS 2012 (5/7/1/1)

Die MFMA vereis dat die maandelikse artikel 71 verslag nie later nie as 10 werksdae aan die Provinsiale en Nasionale Tesourie voorgelê moet word.

Die Direkteur: Finansiële Dienste verduidelik in die verslag tot die sakelys waarom die artikel 71 verslag, alhoewel dit op die 10de werksdag gestuur is, nie die betrokke partye bereik het nie.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word van die probleem met die IT-stelsel wat aanleiding daartoe gegee het dat die artikel 71 verslag nie betyds deur die betrokke departemente ontvang is nie;

(b) Dat, as voorkomende kontrole ten einde die risiko te minimaliseer, die bandwydte vergroot word soos wat daarvoor in die 2012/2013 finansiële jaar voorsien is;

(c) Dat die begrotingskantoor versoek word om nie te wag tot die 10de dag om die verslag te finaliseer nie, maar reeds ‘n dag of twee voor die tyd, om te verhoed dat dieselfde probleem nie weer ondervind word met bottelnekke wat mag ontstaan nie.

7.9 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer;

7.10 UITSTAANDE DEBITEURE, SEPTEMBER 2012 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van September 2012.

7.11 SPESIALE AANSOEK VIR BEFONDSING VANAF DIE NASIONALE LOTERY (17/9/2/2/2-9; 5/9/2/8)

'n Versoek is vanaf die Munisipale Bestuurder ontvang om 'n spesiale aansoek voor te berei vir befondsing vanaf die Nasionale Lotery (NLDTF) vir die konstruksie van 'n sintetiese-atletiekbaan by die Gene Louw Sportgronde op Moorreesburg.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring en ondersteuning verleen word deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir voormelde projek en dat 'n spesiale aansoek om befondsing aan die NLDTF gerig word;

(b) Dat die uitkoms van die aansoek en die finale toekenning deur die NLDTF aan die Raad voorgelê word ten einde 'n formele ooreenkoms vir die projek aan te gaan.

7.12 BEGROTING VAN UITGAWES AAN HOOFPAAIE: 2013/2014 FINANSIËLE JAAR (5/6/1/1/2)

Die verwagte uitgawes aan provinsiale hoofpaaie word jaarliks aan die Distrikspadingenieur deurgegee vir oorweging en goedkeuring.

'n Volledige lys van opgraderingswerke aan die onderskeie paaie in die Swartland munisipale area is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die begroting van uitgawes aan provinsiale hoofpaaie vir die 2013/2014 finansiële jaar goedkeur.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN GPS-TOERUSTING EN MEEGAANDE SAGTEWARE (8/2/2/1)

Die Siviele Ingenieursdepartement beskik reeds oor *Trimble* toerusting en sagteware wat gebruik word om GPS-data te kan versamel.

Addisionele toerusting word benodig om meer akkurate GPS-data vas te lê en is daar bevestig dat *Optron Geomatrics* die alleenverskaffer van *Trimble* in Suid-Afrika is.

BESLUIT/...

7.13/...

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die aankoop van die gekwoteerde GPS-toerusting en meegaande sagteware ten bedrae van R84 902,64 (BTW ingesluit) en wel om die volgende redes:

(a) dat dit onprakties is om 'n tweede GPS-stelsel in gebruik te neem; en
(b) dat *Optron Geomatics* die alleenverskaffer is van die benodigde toerusting en meegaande sagteware.

(c) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die afwyking uitgevoer word en dat die handeling dienooreenkomstig gekondoneer word;

(d) Dat die uitgawe verreken word teen posnommer 52-80-56-70-0130;

(e) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN HOOFRIOOL, ERF 7696, MALMESBURY (16/3/1/5)

Bokomo Pasta is geleë op erf 7696, Malmesbury en het met vroeëre uitbreidings en aanbouings 'n gedeelte van die fabriek bo-oor die hoofrioolgeleiding vanaf Wesbank na die rioolsuiweringswerke gebou.

'n Rioolverstopping het reg onder die gebou voorgekom. Die herstelwerk is deur 'n spesialis firma as 'n noodgeval hanteer nadat bevind is dat 'n klip die pyplyn versper.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die herstel van die hoofrioolgeleiding deur *Peninsula Pipeline Services* ten bedrae van R201 837,00 (BTW ingesluit), omrede:

(i) die herstelwerk as 'n noodgeval uitgevoer moes word as gevolg van die besoedeling wat voorgekom het en om die onderbreking in noodsaaklike dienslewering te beperk;

(b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die afwyking uitgevoer word en dat die handeling dienooreenkomstig gekondoneer word;

(c) Dat die uitgawe verreken word teen posnommer 59-76-30-00-0280;

(d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AFMAAK VAN BLOEKOMBOME, ILINGE LETHU (17/9/4/2/1)

Die veiligheid van inwoners van Ilinge Lethu waarvan hul wonings teenaan die bloekombome geleë is word bedreig deur droë takke wat mag val en brande wat mag ontstaan.

Die bome is baie groot en daar is hutte wat direk onder die bome opgerig is wat die afmaak van die bome uiters riskant maak. Dit is dus noodsaaklik dat die werk uitgevoer word deur 'n ervare en kundige firma wat oor die regte toerusting en veiligheidsplan beskik.

BESLUIT/...

7.15/...

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die afmaak van 18 bloekombome in Ilinge Lethu deur die firma, *Treemaster* ten bedrae van R49 000,00 en wel om die volgende redes:

(i) dat die hoë risiko wat die bome vir die veiligheid van die publiek inhou, asook die risiko verbonde aan die afmaak van die bome noodsaak vinnige optrede deur 'n kontrakteur met bewese kundigheid en vaardigheid;

(b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurer goedkeuring verleen het dat die afwyking uitgevoer word en dat die handeling dienooreenkomstig gekondoneer word;

(c) Dat die uitgawe verreken word teen posnommer 47-66-52-00-0912;

(d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaal-bestuursbeleid opdrag gegee word om boermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: ASFALTWERKE IN TERME VAN DIE 2012/2013 JAARTENDER (8/2/2/1)

Die munisipaliteit beskik nie oor die toerusting om asfaltwerke wat per masjien op die padoppervlakte geplaas word uit te voer nie. Daar word dus jaarliks deur middel van die Jaartender tariewe aangevra en het *Mokwena Surfacing* en *Zebra Surfacing* tenders ingedien.

Dit het onder die aandag van die Departement: Siviele Ingenieursdienste gekom dat *Mokwena Surfacing* nie na wense presteer op eksterne projekte nie. 'n Onlangse bewys hiervan is die werk aan Hoofpad 25 wat deur die firma verrig is. Nadat bevind is dat die asfaltwerke nie aan die vereiste standaarde voldoen nie, is die firma versoek om 'n gedeelte van 1,8km oor te bou. Die firma word as 'n hoë risiko kontrakteur beskou.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir asfaltwerke in terme van die 2012/2013 Jaartender deur die aanstelling van *Zebra Surfacing* en wel om die volgende rede:

(i) dat dit onprakties is om *Mokwena Surfacing* in diens van die Raad te neem weens die hoë risiko wat dit vir die Raad inhou;

(b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die afwyking uitgevoer word en dat die handeling dienooreenkomstig gekondoneer word;

(c) Dat die tarief vir bitumen produkte en dienste van *Zebra Surfacing*, soos uiteengesit in die 2012/2013 Jaartender wat op 13 April 2012 gesluit het (gebaseer op die basismaand soos deur SAFCEC vasgestel) vir hierdie doel aanvaar word;

(d) Dat die uitgawes in hierdie verband teen posnommers 71-82-30-00-0300 en 71-70-30-00-0344 (geproklameerde paaie) verreken word;

(e) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.17 YZERFONTEIN/...

7.17 YZERFONTEIN KARAVAANPARK (17/9/3/2)

Die Raad dra reeds kennis dat daar samesprekings met Nasionale Tesourie was aangaande die registrasie van ‘n PPP-eenheid vir die Yzerfontein Karavaanpark. Met hierdie gesprekke is die indruk geskep dat daar fondse beskikbaar is vir ‘n ondersoek om die karavaanpark te privatiseer.

Me I Loock en mnr K Marais is deur die Munisipale Bestuurder afgevaardig om opleiding aangaande die vestiging van PPP-eenhede in Midrand by te woon. Tydens die opleiding is gemeld dat die ondersoek op terme van die Nasionale Tesourie sal geskied, waarvan een voorwaarde is dat die fondse slegs by wyse van ‘n lening voorsien sal word.

Die Yzerfontein Karavaanpark se besettingsyfer vir ‘n jaar is ±70% en word die dit teen ‘n surplus bedryf, wat beteken dat die karavaanpark ‘n goeie inkomste vir die Raad genereer.

BESLUIT

(a) Dat daar nie voortgegaan word met die privatisering van die Yzerfontein Karavaanpark nie;

(b) Dat daar gepoog word om fondse beskikbaar te stel in die 2013/2014 finansiële jaar, om die moontlike uitbreiding en opgradering van die karavaanpark te beplan.

7.18 PAD VORENTOE MET MALMESBURY KLEINBOERE EN DARLING KLEINBOERE (17/4/2/B)

Uit ‘n bespreking van die item, word onder andere die volgende uitgelig –

(1) die doel met die vestiging van kleinboere is om soveel as moontlik bona fide boere te vestig. As die kleinboere nie hul samewerking gee tot die bereiking hiervan nie, kan die projek nie ondersteun word nie;
(2) die impak van die kleinboere op omliggende eienaars in Darling is minder in vergeleke met Malmesbury. By lg. projek word daar geweldige probleme ondervind. Verder meer word die grond benodig vir die behuisingsprojek. Dit is egter belangrik dat daar konsekwent opgetree word wanneer daar oor die twee projekte besin word;
(3) die munisipaliteit kry nie die samewerking van ander regeringsfere soos aanvanklik in die vooruitsig gestel is nie.

BESLUIT

Dat die item terugverwys word ten einde geleentheid te gee om die huurooreenkomste van onderskeidelik Malmesbury- en Darling Kleinboere deeglik te bestudeer in terme van die beëindiging daarvan.

7.19 VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN ERF 1090, RIEBEEK-WES (15/3/3-12) (WYK 3)

‘n Aansoek om hersonering en onderverdeling van erf 1090, Riebeek-Wes is in 2004 deur die Raad oorweeg. Hierdie aansoek het ook die wysiging van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) ingesluit, aangesien die gedeelte grond op daardie stadium buite die stedelike randgebied geval het.

Na die voorwaardelike goedkeuring van die aansoek deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 14 Junie 2006, het van die beswaarmakers teen die besluit by die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning geappèlleer en is dit deur lg. gehandhaaf.

‘n Aansoek om hersonering en onderverdeling van erf 1090, Riebeek-Wes is weer in November 2008 ontvang. Die aansoek behels die skep van 14 residensiële sone I erwe en 2 residensiële sone II erwe, tesame met die nodige oopruimtes en paaie.

7.19/...

Die voorgestelde ontwikkeling is ingevolge die nuwe ROR ingesluit by die stedelike randgebied van Riebeek-Wes en word dus nou deur die ruimtelike beplanning van die dorp ondersteun.

BESLUIT

A Dat die aansoek vir hersonering van erf 1090, Riebeek-Wes ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf Landbousone I na Onderverdelingsgebied goedgekeur word, ten einde die volgende grondgebruike te akkommodeer naamlik: 14 residensiële sone I erwe, 2 residensiële sone II erwe, sowel as 'n pad (vervoersone II) en 7 oopruimtes (oopruimte sone II);

B Dat die aansoek om onderverdeling van erf 1090, Riebeek-Wes ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, ten einde 14 residensiële sone I erwe (±985m² tot ±1728m²), 2 residensiële sone II erwe (±745m² en ±6166m² onderskeidelik), 7 oopruimtesone II erwe (±1,4153ha in totaal) en 'n gedeelte pad (±6267m²) te skep onderhewig aan die volgende voorwaardes:

B1 STADSBEPLANNING/BOUBEHEER

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar 'n huiseienaarsvereniging ingevolge artikel 29 van Ordonansie 15 van 1985 stig met 'n grondwet wat:

(i) die beheer oor en die instandhouding van geboue, dienste en geriewe wat uit die betrokke onderverdeling en hersoneringsaansoek ontstaan ten doel het;
(ii) voorsiening maak dat eienaars van grondeenhede wat uit die betrokke onderverdeling en hersonering ontstaan, as lede mede-aanspreeklik is vir uitgawes aangegaan in verband met die vereniging;
(iii) voorsiening maak vir 'n bouhandleiding wat die ontwerp en argitektuur van die ontwikkeling sal aanspreek;
(iv) deur die Raad goedgekeur is ten einde te verseker dat aan die bepalings van subparagrawe (i), (ii) en (iii) voldoen word;

(b) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
(c) dat 'n voorwaarde teen die titelaktes van die nuutgeskepte erwe en oopruimtes opgelê word wat enige verdere onderverdeling beperk;
(d) dat die installering, onderhoud en herstel van die voorgestelde waterpomp wat water aan die ontwikkeling gaan voorsien, vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
(e) dat die voorgestelde watergat en "boma area" deur die eienaar/ontwikkelaar, soos geïllustreer op die landskaperingsplan gemerk "C" geskep word;
(f) dat die voorgestelde ontwikkeling voldoen aan die parameters van die soneringskemaregulasies van toepassing op Riebeek Wes;
(g) dat 'n landskaperingsplan aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir oorweging voorgelê word;
(h) dat die keuse van bome en struike in oorleg met die hoof van parke van Munisipaliteit Swartland besluit word;

B2 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde gedeeltes;

B3 WATER

(a) dat die ontwikkeling van 'n interne waterverspreidingsnetwerk voorsien word wat op so 'n wyse aan die munisipale waterverspreidingsnetwerk gekoppel is dat dit nie die bestaande netwerk nadelig beïnvloed nie;

7.19/...

(b) dat die ontwikkelaar ‘n professionele persoon toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die verspreidingsnetwerk. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word vir goedkeuring en die professionele persoon moet toesig hou oor die aanbring van die verspreidingsnetwerk;

(c) dat ‘n raadgewende ingenieur aangestel word om die waterbehoefte te bereken, modelleer en analiseer in terme van die bestaande waternetwerk.

(d) dat die firma ‘n aanbeveling maak met betrekking tot die bestaande netwerk se kapasiteit om die voorgestelde ontwikkeling te akkommodeer en bepaal op welke wyse dit geakkommodeer kan word;

(e) dat die beskikbaarheid van grootmaat watervoorsiening deur die Weskus Distriksmunisipaliteit bevestig word;

B4 RIOOL

(a) dat die ontwikkeling van ‘n interne rioolverspreidingsnetwerk voorsien word wat op so ‘n wyse aan die munisipale rioolverspreidingsnetwerk gekoppel is dat dit nie die bestaande netwerk nadelig beïnvloed nie;

(b) dat die eienaar/ontwikkelaar ‘n professionele persoon toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die verspreidingsnetwerk. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê vir goedkeuring en die professionele persoon moet toesig hou oor die aanbring van die verspreidingsnetwerk;

(c) dat ‘n raadgewende ingenieur aangestel word om die rioolafloop te bereken, modelleer en analiseer in terme van die bestaande rioolnetwerk.

(d) dat die firma ‘n aanbeveling maak met betrekking tot die bestaande netwerk se kapasiteit om die voorgestelde ontwikkeling te akkommodeer en voorstelle maak op welke wyse die voorgestelde ontwikkeling geakkommodeer kan word;

(e) dat daar tans nie voldoende kapasiteit by die rioolwerke beskikbaar is om die voorgestelde ontwikkeling van riooldienste te voorsien nie. Die kapasiteit van die rioolwerke word tans uitgebrei. Hierdie proses is reeds onderweg en word dit voorsien om die opgegradeerde rioolwerke in bedryf te stel teen 2013. Daar kan dus eers riooldienste aan die ontwikkeling voorsien word teen die tyd dat daar kapasiteit beskikbaar is;

B5 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude perseel gehef word en ook elke wooneenheid;

(b) dat daar ‘n geboude vullisarea geskep word met skoon lopende water toevoer en vuilwater afvoer na die rioolstelsel. Hierdie area moet toeganklik wees vir vullisverwyderingspersoneel, maar ontoeganklik vir ongewenste elemente, mens en dier.

B6 STRATE EN STORMWATER

(a) dat die ontwikkeling van stormwater retensie strukture voorsien word sodat die voor en na ontwikkeling afloop dieselfde is, aangesien die bestaande stormwaterafloopstelsel nie kapasiteit vir die voorgestelde ontwikkeling het nie;

(b) dat Smutsstraat vanaf erf 1090 tot erf 9 opgradeer word tot ‘n permanente oppervlak standaard met randstene en stormwater;

(c) dat die voorgestelde ontwikkeling van ‘n ondergrondse stelsel voorsien word wat vloedgroottes tot en met die 1:5 jaar vloed kan akkommodeer;

(d) dat die voorgestelde ontwikkeling van bogrondse ontsnaproetes wat vloedgroottes tot en met die 1:50 jaar vloed kan akkommodeer, voorsien word;

(e) dat alle strate binne die ontwikkeling voorsien word van permanente oppervlaktes;

(f) dat die ontwikkelaar ‘n professionele persoon toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die interne pad en stormwaterafvoerstelsel. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word en die professionele persoon moet toesig hou oor die aanbring van die interne pad en stormwaterafvoerstelsel;

7.19/...

B7 KAPITAALBYDRAES (word bereken op 23 eenhede soos voorgehou in hierdie aansoek)

(a) dat die ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distriksmunisipaliteit op R9 815,40 (BTW ingesluit) per kliloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R9 815,40/kl AADD, BTW ingesluit) wat gemaak moet word. Hierdie kapitaalbydrae ('n totaal van R225 754,20) is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar 2012/2013 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;

(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatwaterdienste ten bedrae van R7 277,00 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag ('n totaal van R167 371,00) is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2012/2013 en kan hierna hersien word;

(c) dat die vaste kapitaalbydrae vir grootmaat riooldienste ten bedrae van R3 600,00 per nuutgeskepte eenheid aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag ('n totaal van R82 800,00) is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar 2012/2013 en kan hierna hersien word;

(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater ten bedrae van R5 363,00 per nuutgeskepte eenheid aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag ('n totaal van R123 349,00) is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar 2012/2013 en kan hierna hersien word;

B8 ALGEMEEN

(a) dat indien dit nodig sou wees om bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van dienste te kan voorsien dit vir die koste van die ontwikkelaar sal wees;

(b) dat die wetlike sertifikaat wat enige van die onderverdeelde gedeeltes magtig nie uitgereik sal word alvorens daar aan bogenoemde voorwaardes voldoen is nie, asook tot wanneer daar kapasiteit beskikbaar is by die rioolwerke;

(c) dat die applikant op sy reg tot appèl gewys word per geregistreerde pos;

B9 DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar aan die goedkeuringsvoorwaardes soos deur Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning opgelê en vervat in die skrywe gedateer 14 Augustus 2012 met verwysing E12/2/3/1-F5/19-0609/09 voldoen;

7.20 HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE RESTANT VAN ERF 301, ABBOTSDALE (ABBOTSDALE GEÏNTEGREERDE BEHUISINGSPROJEK) (15/3/3-1, 15/3/6-1) (WYK 7)

'n Aansoek is ontvang namens Swartland Munisipaliteit vir die onderverdeling van erf 301, Abbotsdale in 'n restant (±153,08ha) en Gedeelte A (±15,34ha).

Aansoek word ook gedoen vir die onderverdeling van gedeelte A (±15,34ha) in gedeelte 1 (±8,44ha) en 'n gedeelte 2 (±6,9ha).

Die eiendomme is deur Swartland Munisipaliteit geïdentifiseer vir die vestiging van 'n staats-gesubsidieerde behuisingsprojek.

BESLUIT

A Dat die aansoek om hersonering en onderverdeling van voorgestelde gedeelte 1 (±8,44ha) sowel as gedeelte 2 (±6,9ha) ingevolge artikel 16(1) en 25(1) respektiewelik van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf Onbepaalde sone na Onderverdelingsgebied, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

7.20/...

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die onderverdelingsgebied van voorgestelde gedeelte 1 die volgende grondgebruike bevat:

161 residensiële sone I erwe (laekostebehuising) – totale grootte ±2,7ha (±168m²/erf)
53 residensiële sone I erwe (GAP behuising) – totale grootte ±1,65ha (±311m² / erf)
2 residensiële sone IV erwe (woonstelle) – totale grootte ±1,15ha (±5750m² / erf)
1 sakesone I erf – groot ±1700m²
1 institusionele sone II erf (kerk) – groot ±500m²
1 institusionele sone I erf (crèche) – groot ±600m²
5 oopruimte sone I erwe (publieke oopruimtes)
1 oopruimte sone II erf (uitbreiding van bestaande begraafplaas)
1vervoersone II (pad) – groot ± 1,63ha

(b) dat die onderverdelingsgebied van voorgestelde gedeelte 2 die volgende grondgebruike bevat:

206 residensiële sone I erwe (laekostebehuising) – totale grootte ±3.4ha (±165m²/erf)
16 residensiële sone I erwe (GAP behuising) – totale grootte ±0.64ha (±400m² / erf)
1 sakesone I erwe – totale grootte ±0.2ha
1 institusionele sone II erf (kerk) – groot ±958m²
1 institusionele sone I erf (crèche) – groot ±535m²
4 oopruimte sone I erwe (publieke oopruimtes)
1 vervoersone II (pad) – groot ± 1,71ha
1 vervoersone III (publieke parkering) – groot ± 400m²
1 owerheidsone erf (reservoir) – groot ±800m²

(c) Dat die implementeringsagent, ASLA, die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorlê;

A2 DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

(a) dat uitvoering gegee word aan die kommentaar van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning soos vervat in die skrywe gedateer 2012-03-02 met verwysingsnommer E12/2/4/1-F5/14-3114/11. Aangeheg as “F”;

A3 DEPARTEMENT VAN SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

(a) dat alle siviele ingenieursdienste van die voorgestelde ontwikkeling deur ‘n professionele persoon toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 ontwerp word aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word vir goedkeuring;

A4 TELKOM

(a) dat indien enige infrastruktuur van Telkom deur die voorgestelde ontwikkeling affekteer word, daar met die onderskeie instansies onderhandel word om die infrastruktuur in die ontwikkeling te akkommodeer;

A5 ESKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;
(c) dat Eskom verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die onderverdeelde gedeeltes, sowel as die interne verspreidingsnetwerk en die interne elektrifisering van die gesubsideerde wonings;

7.20/...

A6 SANRAL

(a) dat ‘n 5m statutêre boulyn aangrensend op die erwe tot die nuwe N7 belyning van toepassings al wees;
(b) dat SANRAL en Swartland Munisipaliteit onderhandel rakende vergoeding vir die gedeelte grond wat afgestaan moet word vir die N7 belyning, welke vergoeding op markwaarde gebaseer sal word;

B Dat die aansoek om onderverdeling van erf 301 (groot 168,42), Abbotsdale ingevolge Artikel 25(1) van Ordonansie 15 van 1985 in ‘n restant (±153,08ha) en Gedeelte A(±15,34ha) goedgekeur word.

C Dat die aansoek om onderverdeling van voorgestelde gedeelte A (±15,34ha) ingevolge Artikel 25(1) van Ordonansie 15 van 1985 in gedeelte 1(±8,44ha) en ‘n gedeelte 2 (±6,9ha) goedgekeur word.

7.21 AANSOEK OM VERLENGING VAN GOEDKEURINGSTYDPERK: AFWYKING OP ERF 7827, MALMESBURY (15/3/4-8) (WYK 11)

Die afwyking op erf 7827, Malmesbury vir die bedryf van ‘n huiswinkel is op 11 November 2009 goedgekeur. Die goedkeuring om afwyking is geldig vir ‘n termyn van 3 jaar, met die opsie om die goedkeuring vir ‘n verdere twee jaar te verleng.

‘n Aansoek is derhalwe ingedien deur die eienaars, J M Omar en M M Hassan om die bestaande goedkeuring te verleng om voort te gaan met die bedryf van ‘n huiswinkel (±21m²) op erf 7827 (groot 167m²), geleë op die h/v Arend- en Kraanvoëlstraat, Malmesbury.

BESLUIT

Dat die aansoek vir die verlenging van tydelike afwyking op erf 7827 (groot 167m²), geleë op die h/v Arend-en Kraanvoëlstraat, Malmesbury ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, ten einde ’n huiswinkel (±21m²) vanuit ’n gedeelte van die bestaande woonhuis te bedryf, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die verlenging van die tydelike goedkeuring beperk word tot slegs die volgende twee (2) jaar;
(b) dat al die voorwaardes soos vervat in die raadsbesluit gedateer 11 November 2009 steeds van toepassing is met die uitsluiting van voorwaarde 6.5(f) en 6.5(g) wat gevolglik nie meer van toepassing is nie.

7.22 *VIOLENCE PREVENTION THOURGH URBAN UPGRADING* (VPUU)

Die Munisipale Bestuurder gee terugvoering aangaande die VPUU-interaksie wat op 9 Oktober 2012 deur die Premier gehou is. Slegs vyf munisipaliteite, synde Saldanhabaai, Breedevallei (Worcester), Drakenstein, Theewaterskloof en Swartland was genooi.

Die interaksie is ook bygewoon deur Duitse belangegroepe – KFW – wat reeds sedert 2003 by Kaapstad betrokke is, waar ‘n “arm”-gebied in Kayelitsha (Harare) identifiseer was vir stedelike verbetering en om daardeur misdaad te verminder. Kayelitsha was ontwerp om 250 000 inwoners te akkommodeer, terwyl daar tans na raming tussen 600 000 tot 800 000 mense woonagtig is. Die moord statistiek gedurende 2003 was ‘n verstommende 358 – die hoogste van enige gebied in die Kaap.

Die doel van die program (VPUU) is om veilige en geïntegreerde gemeenskappe te ontwikkel om sosiale, kulturele en ekonomiese struikelblokke te oorkom. Met al die belangegroepe soos –

- Stad Kaapstad;
- “German Federal Ministry of Economic Cooperation and Development”;

- "German Development Bank";
- Wes-Kaap Provinsie; en
- Nasionale Tesourie

is daar sedert 2003 ongeveer R600 miljoen in Kayelitsha spandeer met 'n verskeidenheid van fasiliteite soos biblioteke, klinieke, sportfasiliteite en formele dienste wat 'n geweldige positiewe impak op misdaad gehad het. (Moord syfer het met 50% verlaag).

As fase 4 van voormelde projek, is die gedagte nou om die inisiatief uit te rol na twee munisipaliteite buite die metro – vandaar die uitnodiging aan voormelde vyf munisipaliteite. Laasgenoemde vyf moet hulle begerigheid en wil om deel te neem by wyse van 'n aanbod indien. Die beginsel van mede finansiering tussen die drie sfere van regering (Nasionaal, Provinsiaal en Swartland) sowel as die "German Development Bank" geskied op 'n basis van 2 Euro vir 1 Euro. Die bestuur van die projek met gepaardgaande opleiding, ondersteuning en oordra van kennis sal deur Kaapstad en KFW gedoen word. Belangstellende munisipaliteite moet hul organisatoriese gereedheid evalueer en bereid wees om die gemeenskap dienooreenkomstig te mobiliseer en 'n fasiliteringsrol speel Volgens die Premier is 90% van die insette "sosiale kohesie" van aard en net 10% tegnies.

Die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder meld dat die volgende areas ingevolge die groeipotensiaal van dorpe oorweeg kan word, naamlik Malmesbury, Moorreesburg en Darling. Kyk 'n mens na inisiatiewe wat reeds gestalte gekry het in Malmesbury, kan dit met groot vrug gebruik word by die indien van die bod, synde –

- die moontlike binneshuise sportsentrum in Alfastraat;
- die optimalisering van die MPCC's te Ilinge Lethu en Varingstraat;
- beskikbare sportvelde te Wesbank en Ilinge Lethu;
- moontlike skuif van SAPD na Wesbank;
- nuwe kliniek wat onlangs daar geopen is, sowel as die huisvestiging van beskermingsdienste se wetstoepassingsafdeling in Wesbank.

Verdere faktore en aspekte wat in ag geneem kan word vir die doeleindes van die bod is –

- die bestaande ooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit en Duitsland (Sachsen Anhalt);
- die vrienskapsooreenkoms tussen Malmesbury (RSA) en Malmesbury (England);
- Sondeza inisiatief;
- JTC inisiatief.

BESLUIT

(a) Dat daar met opgewondenheid kennis geneem word van die inisiatief en die geleentheid wat gebied is om 'n aanbod tot deelname te maak;

(b) Dat die mening gehuldig word dat Swartland Munisipaliteit organisatories gereed is om hierdie uitdaging te aanvaar;

(c) Dat 'n komitee bestaande uit die volgende raadslede en amptenare aangewys word om die aanbod tot deelname te benut, die skakeling en navrae te rig en om die bod voor te berei en in te dien, naamlik:

- rdl C H H Hunsinger (Voorsitter en UBK-lid)
- rdl O M Stemele (ondervoorsitter)
- me Marguerite Holtzhausen
- mnr Herman Oliver
- mnr Leon Fourie
- mnr Alwyn Zaayman;

(d) Dat die res van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede, bestuurspan, met inbegrip van ander ondergeskiktes ondersteuning verleen, soos en waar nodig.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER